



# Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament IPalamente yePhondo IeNtshona Koloni

## VRAE

## FEITEBLAD 16

HERSIENING 1, 13 JULIE 2016

Die reg van Lede om vrae aan Ministers te rig is 'n belangrike manier waarop toegesien word dat die uitvoerende gesag aan die Provinsiale Parlement verantwoordbaar bly. Antwoorde op vrae word gewoonlik óf mondeling in die Huis gedoen óf skriftelik.

Die basiese reëls vir vrae en antwoorde is op die staande reëls, die Speaker se beslissings en op bestaande praktyk gebaseer. Vrae kan aan Ministers gestel word wat met hul sfeer van verantwoordelikheid verband hou.

Kortliks geld die volgende basiese reëls vir vrae:

- Wanneer 'n vraag gestel word, mag 'n argument of opinie nie uitgespreek word nie.
- Die vraag moet slegs basiese inligting bevat en nie op so 'n manier geformuleer word om 'n antwoord voor te stel nie.
- Vrae moet met die regeringsadministrasie of -beleid verband hou en moet aan die verantwoordelike Minister gerig word.
- Vrae moet nie poog om 'n mening weer te gee, 'n regsmening uit te spreek of om navraag te doen of stellings in die media korrek is nie.
- Vrae moet niepoor om 'n oplossing vir 'n hipotetiese voorstel te vind nie en mag nie tegnies, vaag of betekenisloos wees nie.
- Vrae moet nie verwys na sake wat *sub judice* is of 'n dagorder vooruitloop nie.

### Vrae sonder kennisgewing aan die Premier

Vrae mag sonder kennisgewing aan die Premier gestel word op die eerste Donderdag van 'n sessie en elke tweede Donderdag daarna, behalwe op die Donderdag van die week waartydens die Premier se begrotingspos in die bylae van 'n begrotingswetsontwerp of sy/haar provinsiale rede bespreek word. Twintig minute word vir vrae en antwoorde toegestaan.

Die volgende belangrike reëls oor vrae sonder kennisgewing aan die Premier geld:

- 'n Lid mag net 'n vraag aan die Premier stel as sy/haar naam op die Ordelys vir daardie doel verskyn.
- Nie meer nie as sewe name word ewekansig gekies om op die Ordelys geplaas te word.
- As meer as twee name gekies word van Lede wat dieselfde politieke party verteenwoordig, word slegs die eerste twee wat gekies is ingesluit by die name wat op die Ordelys verskyn.
- As die naam wat gekies is om eerste op die Ordelys te verskyn, die naam van 'n Lid is wat aan die Premier se party behoort, moet daardie naam omgeruil word met die naam van die volgende Lid op die lys wat nie aan daardie party behoort nie.

- Die Lid mag een bondige vraag stel. Onmiddellik nadat die vraag beantwoord is, mag die Lid twee opvolgvrae stel wat met die oorspronklike vraag of die antwoord daarop verband hou.

### **Vrae vir mondelinge beantwoording**

Vrae vir mondelinge beantwoording het ten doel om 'n bondige antwoord van die betrokke Minister te verkry en mag nie antwoorde van 'n gedetailleerde of statistiese aard vereis nie.

Die volgende belangrike reëls oor vrae vir mondelinge beantwoording geld:

- Vrae moet betyds ingedien word om die Minister genoeg tyd te gee om 'n antwoord voor te berei.
  - Vrae vir mondelinge beantwoording word beperk tot twee vrae per Lid per vraedag.
  - Vrae vir mondelinge beantwoording word beperk tot vier vrae per Minister per vraedag.
- Vrae vir mondelinge beantwoording mag nie meer as vyf onderafdelings bevat nie.
- Die tyd wat vir vrae vir mondelinge beantwoording toegewys is, is 45 minute.

### **Vrae vir skriftelike beantwoording**

Vrae vir skriftelike beantwoording versoek gewoonlik gedetailleerde of statistiese inligting.

Vrae mag nie slegs inligting meedeel nie, mag nie 'n spesifieke standpunt weergee nie, mag nie 'n toespraak wees nie en mag nie uitermatig lank wees nie.

Die volgende belangrike reëls oor vrae vir skriftelike beantwoording geld:

- Vrae vir skriftelike beantwoording mag nie meer as 15 onderafdelings bevat nie.
  - Wanneer die Huis sit, mag 'n Lid tot drie vrae vir skriftelike beantwoording per week indien.
  - Wanneer die Huis nie sit nie, mag 'n Lid slegs een vraag vir skriftelike beantwoording per week indien.
- As die verantwoordelike Minister nie geantwoord het op 'n vraag binne 10 werkdade van die Huis ná die dag waarop die vraag vir skriftelike beantwoording gestel is nie, of binne 13 werkdade nadat die vraag vir die eerste keer op die Vraelys geplaas is wanneer die Huis tydens 'n sessie verdaag het nie, kan die Lid wat die vraag gestel het versoek dat die Sekretaris die vraag op die Vraelys vir mondelinge beantwoording plaas.

### **Interpellasies**

'n Interpellasie is 'n "minidebat" van 15 minute oor 'n vraag wat nie meer as twee onderafdelings mag bevat nie.

Die volgende bykomende reëls vir interpellasies geld:

- Die getal interpellasies per dag word tot drie beperk.
- Interpellasies geniet voorrang op Donderdae.